

19 Februarie

Skrifgedeelte: Markus 8:1-10

Fokusgedeelte: Markus 8:4

Wie sal help?

Die tweede vermeerdering van die brood het soveel ooreenkomste met die eerste vermeerdering (Mark 6:35-44) dat baie Skrifverklaarders die vraag vra of dit nie maar net 'n ander weergawe van dieselfde wonderwerk is nie. Hierdie tweede vermeerdering vind egter in 'n heidense omgewing plaas, sodat die klem hier weereens daarop val dat Jesus óók vir die heidene gekom het. As die dissipels vir Jesus vra (vs 4): “Waar sal 'n mens in hierdie verlatenheid genoeg brood vir hulle kan kry?” is dit eintlik 'n roep om hulp aan Hóm gerig. Al die aandag word dan op Jesus gevestig – Hý neem die inisiatief en Hý tree op.

Ons lees dat Hy die mense “innig jammer” gekry het (vs 2). Daar staan letterlik dat Hy diep in Homself in beweging gekom het – dáárom het Hy die hongeriges gevoed!

Dit is die evangelie: dat die Here oor ons diep in Homself in beweging gekom het!

Sing: Psalm 107:2, 10 (p. 533)

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)